# HOOFSTUK 7

## ONDERWYSERSOPLEIDING EN ANDER SAKE EN HOE DIT VOOGONDERWYS IN DIE CHRISTELIKE SKOOL RAAK

### I. INLEIDING

In die vorige hoofstuk is aangedui dat slegs 2,2% van die onderwysers in die ondersoek opleiding in voogonderwys gehad het[1] en dat daar nie werklik sprake is van sinvolle en wetenskaplike ouer-onderwysersamesprekings nie. Die feit dat by so baie skole voogonderwys op 'n halfhartige wyse toegepas word, is 'n aanduiding dat daar van gedifferensieerde en geïndividualiseerde opvoeding en onderwys nie veel tereg kan kom nie. Voeg hierby dat talle hoofde waarskynlik nie Christelike en nasionale onderwys implimenteer nie en 'n neutrale en selfs skadelike invloed op onderwyser en kind kan uitoefen en dat byna geen handboeke in die laerskool 'n inhoud van die Christelik-nasionale lewensbeskouing toon nie,[2] dan het dit hoog tyd geword om toesprake, slagspreuke en geskrifte in dade te omskep. Dan het dit tyd geword dat uitvoering aan die opvoeding en onderwys gegee word wat die reggesinde Afrikaner van die Afrikaans-Christelike skool verwag.

In hierdie hoofstuk word aandag aan onderwysersopleiding, die evaluering van onderwysers, dames in die onderwys, die tekort aan mans en onderwysers en hulle kwalifikasies gegee. Die vraag kan gestel word wat dit met voogonderwys te doen het. Tog het dit alles met voogonderwys te doen. Die

1) Vgl. p. 299 hierbo.
2) Vgl. p. 358 hieronder.

/351.

student moet ŉ agtergrond en insig hê van die Afrikaner se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing. Hy is voogonderwyser in ŉ Christelike en nasionale skool. In sy opleiding moet hy dus teoreties en prakties as voogonderwyser voorberei word. Sake soos die getal mans in die onderwys, evaluering van onderwysers en studente is alles ten nouste geïntegreer.

## II. DOELSTELLINGE VAN ONDERWYSERSOPLEIDING IN TRANSVAAL

Die doelstellinge kan in hooftrekke verdeel word in ŉ funk=sionele, ŉ opvoedkundige en ŉ professionele.

### A. FUNKSIONELE DOELSTELLING

Dit is "dat die opleiding van onderwysers sodanig sal wees dat hulle die algemene en spesifieke doelstellings wat met die onderwys beoog word, sal kan verwesenlik en die aan=vaarde onderwysbeleid sal kan uitvoer".[3)]

Die grondslag van die opvoeding en onderwys in Transvaal is die opvoeding van die hele kind en spesifiek ook sy godsdienstige, kulturele en etiese vorming. Voogonderwys is in 1963 as beleid ingevoer. In 1967 het wetgewing reeds bepaal dat alle openbare skole Christelike en nasionale onderwys moet hê. Het opleidingsinrigtings die nodige aanpassings gemaak? Het die owerheid toegesien dat uit=voering aan sy doelstellings en aanvaarde beleid gegee word?

---

3) Lötz, J. v. Z. Belangrike beginsels by die opstel van sillabusse. T.O. Bulletin, XI(I): 37, Maart 1966.

## B. OPVOEDKUNDIGE DOELSTELLING

Die onderwyser moet as opgevoede mens aan die skool en die maatskappy diensbaar kan wees. Om dit te kan ver= wesenlik moet besondere aandag aan die volgende aspekte gegee word:

1. die gewenste agtergrond t.o.v. godsdiens, vakkennis en kultuur;
2. ŉ deeglike kennis van die doel van die onderwys;
3. ontwikkeling en vorming van die onderwyser as ŉ selfstandige en denkende persoon, met besondere klem op karaktervorming.[4)]

"Benewens die reeds genoemde fasette wat in die normale opvoedingsprogram betrek word, nl. die student se geestelike lewe, etiese norme, waardering vir estetiese en kulturele waardes, emosionele ewewig, verstandelike ontwikkeling en logiese denke, gesonde menseverhoudinge en liggaamlike gesondheid, moet daar verder nog besondere aspekte in die opvoedkundige program van die student beklemtoon word ten einde hom te bekwaam vir sy roepingstaak. Die student moet leer om in die praktyk die regte leier te wees, maar ook ŉ lojale volgeling wanneer nodig; hy moet botsende gevoelens kan kalmeer en versoenbaar maak; hy moet die menslike wese kan evalueer en elk na sy eie aard hanteer; hy moet woorde in dade kan laat kristalliseer en heelhartige steun, entoesiasme en samewerking daartoe kan verkry".[5)]

---

4) Ibid., p. 37.
5) Loc. cit.

## C. PROFESSIONELE DOELSTELLING

Die professionele vorming van die student vereis o.a. dat hy 'n deeglike kennis van die fisiese en psigiese groei en ontwikkeling van die kind sal hê..." asook "... 'n deeglike kennis van die grondslae van die Opvoedkunde om van hom 'n volwaardige en toegeruste opvoeder te maak... Die persoonlike groei en vorming van die onderwyser bepaal wat met die leerlinge sal gebeur wat aan sy sorg toevertrou word. In die onderwysersopleidingsprogram moet dus besondere aandag aan die persoonlikheidsvorming van die student gewy word ten einde 'n ewewigtige lewens- en wêreldbeskouing sy eie te maak".[6)]

In hoofstuk 3 is breedvoerig aangedui in watter omstandighede die onderwyser vandag sy taak en roeping moet uitvoer. In opvolgende hoofstukke is aangedui wát die onderwyser van die kind moet weet in die Christelike skool en hoe hy met die ouers samesprekings moet voer. Dit is herhaaldelik aangedui dat die kind sy ouer se voorbeeld navolg en dat deur same=sprekings ouers ten goede beïnvloed kan word. Van sinvolle samesprekings met ouers in die laerskool kom nie veel tereg nie, in die hoërskool is daar waarskynlik nog minder same=sprekings, terwyl in opleidingsinrigtings samesprekings meer die uitsondering as die reël is, ten spyte daarvan dat ouers altyd in hulle kinders bly belangstel.

Dit is moontlik dat baie studente van huis uit nie 'n vaste lewens-en wêreldbeskouing het nie en daarby ook nie 'n Christelik-nasionale beskouing nie. Kán die onderwyskollege

---

6) Ibid., p. 38.

ŉ vaste Christelike en nasionale lewensbeskouing by studente gedurende 3 - 4 jaar opleiding tuisbring? Word hulle werklik toegerus om die doelstellinge van die opvoeding te verwesenlik?[7] Van Loggerenberg en Jooste meen dat met die ou 2 - 3 jarige opleiding bepaalde lewenshoudinge by studente ingepers word om aan die minimumstandaarde te voldoen en hulle kan nie sosiaal ryp word nie. Die gemeenskap verwag ŉ volwasse sosiale en sedelike persoonlikheid en daarom moet op= leiding langer wees.[8]

## III. DIE ONDERWYSER VAN VANDAG

Baie van die hedendaagse onderwysers, anders as die onderwysers van ŉ geslag gelede, sien hulle werk of professie as slegs ŉ deel van hulle veelsoortige lewe.[9] Dit skyn of daar ŉ gebrek aan roepingsbewustheid by sowel volwassenes as jongmense in die professie is, asof die genot en bevrediging wat uit ŉ lewe van diens kom, nie meer begryp word nie. Dit hang vandag grootliks van die roepingsbewuste onderwyser af of die nuwe geslag uit die roes van die huidige materialisme gewek sal word. Elke onderwyser moet ŉ doelwit hê om ŉ stempel van eer= baarheid en welskapenheid op elke kind te plaas. Alleen

---

7) Ondersoeker se waarneming met talle studente gedurende praktiese onderwys is dat hulle behalwe miskien in ŉ godsdiensles, selde of nooit ŉ doelstelling in ŉ les het wat heenwys na die Christelike of die nasionale of ŉ opvoedkundige nie. Doelstellings is hoofsaaklik op die onderwys gerig: om kennis te verbreed, ŉ les te geniet, te korreleer, ens.

8) Van Loggerenberg en Jooste. Verantwoordelike opvoeding, p.42[illegible] Vgl. ook: p.367-369 t.o.v. onderwyseresse in die laerskool.

9) Casavis, J.N. Principal's guidelines for action in parent conferences, p. 18.

geestelike stabiliteit en weerbaarheid kan die volk staande hou. S.A. het die onderwyser nodig wat sy kragte eerder as sy klagte gee. Elke onderwyser moet die vraag stel of hy as opvoeder aan sy doel beantwoord, of die godsdiens, die nasionalisme en alle waardes wat hy verkondig, deur hom persoonlik verwerf en deel van sy lewensbeskouing is. Maar die Christenonderwyser moet betekenis gee aan die Christelike en nasionale opvoeding en onderwys. Daarvoor is voortdurende besinning en bede om lig en om daadkrag nodig.[10)]

## IV. DIE ONDERWYSER EN SY OPLEIDING

Waarom is dit so dat baie onderwysers nie geroepe is vir hulle taak nie en dat daar nie reg in die praktyk geskied aan Christelik-nasionale onderwys nie? ŉ Paar aspekte kan aanduidend daarvoor wees.

### A. KEURING VAN ONDERWYSERS

ŉ Volk kan geen beter belegging maak as by wyse van ŉ goeie, bekwame en deeglik opgeleide onderwyserskorps nie, want ŉ volk se uiteindelike prestasies word deur die gehalte van

10) Schutte, B.C. Die saak teen die skool. Fokus, 1(3): 154, November 1973. Vgl. ook: Coetzee, W.J. Die praktiese beslag van die Christelike skool. Fokus, 1(3):190, November 1973; Combrinck, H.J.B. Skolenuus. Die Vaderland, XXXVII (107405):18, 13 November 1973; Van Niekerk, S.G.J. Onderwysvernuwing en enkele onveranderlike waardes. Onderwysblad, LXXX(842):9, Januarie 1973.

/356.

sy opvoedende onderwys bepaal.[11] Die eise wat die hedendaagse veranderde en veranderende samelewing aan die onderwyser stel, maak dit duidelik dat nie enige persoon sonder meer geskik is vir die opvoeding en onderwys nie. Indien dit by die owerheid 'n saak van erns is, sal aspirant-onderwysers by keuring moet getuig van 'n positiewe Christelike lewensbeskouing en lewenswandel. Maar dit geld ook t.o.v. aspirante se persoonlikheid, integriteit, karakter, patriotisme, waardigheid, geloof, liefde vir die opvoedingstaak en die verstand.[12]

Indien voogonderwys aan hoërskole doelgerig beoefen word, behoort hoofde 'n noukeurige oordeel oor elke kandidaat se geskiktheid te kan vorm. Dit is egter moontlik dat met keuring nie die gewenste mense verkry word nie.

## B. OPLEIDING

### 1. Neutrale opvoeding en onderwys

Die soort opvoeding en onderwys wat 'n onderwyser gee, sal in 'n groot mate bepaal word deur die soort opleiding wat hy ontvang het en die soort Opvoedkunde waarin hy onderlê is.[13] Dit is goed en reg dat studente kennis maak en vergelykings tref tussen verskillende opvoedkundige beskouings, maar 'n

11) Kruger, J.H. en Krause, F.J.L. Kind en skool, p. 41 en 402.
12) Coetzee, op.cit., p. 189. Vgl. ook: Van der Berg, J.H. Die veranderde en veranderende rol van die Blanke onderwyser, p. 284; Sonnekus, M.C.H. Lat in die klas is 'n terugwaartse stap. Die Transvaler, p. 8, 19 Maart 1974; Kruger en Krause, op. cit., p. 401; Ondersoek na personeelbehoeftes: samevatting van aanbevelings. Mondstuk, 2(3):10, September 1973.
13) Terblanche, T.J. Die implikasies van 'n wetenskapbeskouing..., p. 2 en 175.

volk wat ŉ suiwer Calvinisties-Christelike lewensbeskouing huldig en boonop wetlike magtiging en beskerming daarvan geniet, moet sekerlik sy onderwysersopleiding vanuit die Christelik-nasionale grondslag sien. As die Rooms-Katoliek en die Kommunis hulle opleiding en alle onderwys suiwer vanuit hulle leerstellinge en lewensbeskouing laat geskied ter bevordering van daardie lewens- en wêreldbeskouing, bestaan daar geen rede waarom die Afrikaneronderwyser grondig in die Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing opgelei behoort te word nie. Stone meen ook dat daar altyd ŉ noue korrelasie bestaan tussen bv. die leerstellige "kleur" van godsdiensonderrig in Transvaalse skole en die "kleur" van die fakulteite of departemente aan opleidingsentra waar die onderwysers van dié vak gekweek word. "Selfs in die mees positiewe bepaling i.v.m. godsdiensonderrig kan in die praktyk niks tot sy reg kom indien onderwysersopleiding sy vakke nie daarmee korreleer nie".[14)]

Owerhede en tersiêre inrigtings sal indringende aandag aan die Christelik-nasionale opleiding van onderwysers moet gee. Dit is eintlik paradoksaal dat die Republiek ŉ Christelike regering het en dat Transvaal ŉ Christelike Provinsiale Administrasie en onderwysdepartement het, dat wetgewing vir Christelike en nasionale onderwys voorsiening maak, maar dat nie voldoende uitvoering in die praktyk gegee word aan dié dinge in die opvoeding en onderwys waarin die Afrikaner glo nie. Twee navorsers het onlangs bevindings gemaak wat tot diepe kommer en nadenke stem en dringende aksie vereis.

---

14) Stone, H.J.S. Opvoeding en religie, p. 65 - 66.

/358.

Eerstens is daar du Plessis wat in 1971 meer as 200 leerboeke wat volgens sillabusse saamgestel en deur die T.O.D. vir die gebruik in Christelik en nasionale laerskole goedgekeur is, ondersoek en gevind het dat weinig van die Christelike en nasionale beginsels in die sekulêre inhoude ingeweef is. Hy kom tot die gevolgtrekking dat daar net in die teorie gesin= speel word op Christelik-nasionale onderwys maar dat dit in die praktyk nie toegepas kan word nie.[15)] Tweedens is daar Potgieter wat in 1973 bevind het dat neutrale opleiding van onderwysers in 'n belangrike mate kon bygedra het dat die meerderheid hoofde van Afrikaanse skole in die Republiek nie die Christelike lewensbeskouing en Christelike onderwys as van fundamentele en eerste belang vir elke faset van hulle taakgewings stel nie.[16)]

Ook die redaksie van die Transvaalse Onderwysersvereniging stel die vraag of daar voldoende aandag gegee word om die onderwyser vir sy taak as Christelik-nasionale opvoeder voldoende toe te rus.[17)]

---

15) Du Plessis, S.G. Pragmatistiese tendense in Transvaalse laeronderwys, p. 119 - 125 en 178.

16) Potgieter, D.G. Die roeping, taak en opleiding van die hoof van die Christelik-Afrikaanse skool, p. 327. Vgl. ook: p. 104 hierbo.

17) Redaksioneel. Die karakter van die onderwys. Onderwysblad, 842(LXXX): 3, Januarie 1973.

Daar is etlike faktore wat in die opleidingsinrigting en skool bydra tot neutrale onderwysers en gevolglik neutrale opvoeding en onderwys of dan wel nie doelgerigte praktiese Christelik-nasionale opvoeding en onderwys nie.

2. Evaluering van studente

Dit word van sommige tersiêre inrigtings verwag dat studente aan die einde van elke tydperk van praktiese onderwys verslae moet skryf wat handel oor skole se administrasie, orde en dissipline, organisasie, aanskouingsonderwys, sport, kultuur=sake, metodes van fondsinsamelings, ens. Daar word nie van 'n student verwag om 'n verslag op te stel van 'n skool se opvoedingsprogram nie, d.w.s. hoe die skool aan die Christelik-nasionale grondslag in die klaskamer en alle aktiwiteite uitvoering gee nie, of hoe die onderwyser as Christenvoog=onderwyser reg laat geskied aan geïndividualiseerde opvoeding en onderwys of hoe ouer-onderwysersamesprekings plaasvind nie. Studente kry ook nie die geleentheid nie om self voogstate te voltooi n.a.v. hulle eie waarnemings en samesprekings met ouers onder toesig van onderwysers nie.

Wanneer die dosent, die klasonderwyser en die hoof die student evalueer, word hy nie beoordeel as Christelik-nasionale opvoeder en in die mate waarin hy in die Christelik-nasionale doelstellings in sy opvoeding en onderwys geslaag het nie. M.a.w. die student word in sy praktiese onderwys reeds hoof=saaklik volgens sy onderwysende hoedanighede beoordeel. Dit skyn dus asof die laasgenoemde hoedanighede by dosent en

tersiêre inrigting die belangrikste oorweging is. Indien Christelik-nasionale doelstellings of ɲ lewensbeskouing teoreties by studente tuisgebring word en nie ook prakties toegepas en beoordeel word nie, kan dit die indruk by studente wek dat dit van mindere belang is.

## V. EVALUERING VAN ONDERWYSERS, EN INSPEKSIES

### A. EVALUERING VAN ONDERWYSERS

In die doelstellings met die opleiding van onderwysers word o.a. melding gemaak dat studente ɲ vaste lewens- en wêreld= beskouing moet ontwikkel, wat in die lig van wetgewing en beleid gesien, ɲ Christelik-nasionale beskouing behoort te wees. In sy evaluering as student word daar oënskynlik nie bepaal in watter mate tersiêre inrigtings in hierdie belangrike doelstelling geslaag het nie. Wanneer die student later as volwaardige onderwyser in die praktyk staan, word hy voortdurend deur sy hoof en ook tydens inspeksies geëvalueer. Maar weer eens word hy nie as Christelik-nasionale opvoeder beoordeel nie. Hy word ook nie geëvalu= eer volgens die mate waarin hy as Christenvoog in sy voogskap en in die doelstellings van die Christelik-nasionale skool slaag nie.

Nog ɲ doelstelling gedurende sy opleiding is dat hy in sy gemeenskap diensbaar moet wees. Ook hierdie belangrike aspek van sy opleiding behoort in die praktyk geëvalueer te word, enersyds om te bepaal of sy opleiding in die tersiêre inrigting geslaag was, en andersyds of hy as Christelik-nasionale opvoeder in die praktyk in sy gemeenskap

uitvoering aan hierdie lewens- en wêreldbeskouing gee.

## B. EVALUERING DEUR EN VAN HOOFDE

Dit is een van die hoof se belangrike take om sy personeel te laat ontwikkel. Nou kan daar geredeneer word dat die hoof moet sorg vir die ontwikkeling van die onderwyser se Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing en dat hy moet toesien dat voogonderwys in al sy konsekwensies vanuit die Christelike oogpunt uitgevoer word. Hoe gaan dit gebeur as die hoofde self oorwegend 'n neutrale opleiding gehad het en Christelike opvoeding en onderwys nie as van kardinale en eerste belang in die opvoedingsprogram beskou nie? Die bose sirkel skyn uit te kring wanneer die hoof in samewerking met die inspekteur onderwysers vir bevordering aanbeveel. Belangrike hoedanighede soos integriteit, lojaliteit, mense=verhoudinge, organisasievermoë, vakkennis, ens. word beoordeel. Daar kan talle onderwysers wees wat oor hierdie hoedanighede beskik, maar die moontlikheid is groot dat hulle t.o.v. die implementering en uitlewing van Christelik-nasionale opvoeding en onderwys koud staan en hoofsaaklik die klem op onderwys, metodieke, eksamenuitslae en prestasies laat val. Onderwysers kan dus tot vise-hoofde en hoofde bevorder word, en die proses van neutrale onderwys duur voort. Dit behoort dus by die oorweging van 'n onderwyser se bevorderbaarheid in die Afrikaanse skool van die grootste belang te wees dat sy Christelik-nasionale lewensbeskouing in aanmerking geneem moet word. Dit kan ook aan die inspekteur insae gee van die

/362.

praktiese toepassing van Christelike en nasionale onderwys en van die voog-(voorligting-) stelsel by elke hoof se skool.

C. INSPEKSIES

Inspekteurs van onderwys word uit die geledere van hoofde aangestel. Dit is moontlik dat inspekteurs aangestel word wat óók nie in húlle skole beslag aan Wet 39 van 1967 i.v.m. Christelike en nasionale onderwys gegee het nie. Dit is ook moontlik dat húlle nie volkome aan voog- en geïndividualiseerde onderwys uitvoering gegee het, of dat daar nie sinvolle ouer-onderwysersamesprekings in hulle skole plaasgevind het nie.

Sedert Januarie 1972 bestaan inspekteursposte uit inspekteur-vak en inspekteur-kring. Dit is nie bekend of elke inspekteur-vak ook toesien dat sy vak vanuit die Christelike grondslag gegee word nie. Van die inspekteur-kring, wat waarskynlik 'n veelomvattender taak as voorheen het, kan verwag word om óók toe te sien dat elke skool se opvoedingsprogram Christelik-nasionaal is en dat voogonderwys ten volle uitgevoer word. Elke inspekteur behoort toe te sien dat beleid nie net geïmplementeer en uitgevoer word nie, maar hy moet ook leiding kan gee, bemoedig en besiel sodat opvoeding en onderwys van die héle kind in die Christelik-nasionale skool suksesvol kan geskied.

Opsommenderwys wil dit dus voorkom of die kring van neutraliteit voltooi word in die student wie se opleiding hoofsaaklik

/363.

onderwysgerig is en in die onderwyser wat as onderwyser beoordeel en bevorder word tot vise-hoof, hoof en inspekteur.18)

## D. KURSUSSE

Met oriënterings- en streekkursusse word die indruk gewek dat die vak voorrang geniet en is ook in al die vakke reeds kursusse aangebied. Baie moeite en opofferinge word gemaak, ook met groot finansiële koste, om onderwysers ten beste met vak- en agtergrondkennis, tegnieke, ens. toe te rus. Dit is baie belangrik en die T.O.D. verdien lof hiervoor. Tog word die skyn van neutrale onderwys versterk deurdat géén kursus, selfs ook vir hoofde gereël is wat oor Christelike en nasionale opvoeding en onderwys of oor die voogstelsel in die Christelike skool handel nie.

## E. UNIVERSITEITE EN ONDERWYSERSKOLLEGES

Samehangend met neutrale opleiding van onderwysers gaan ook die saak van die Opvoedkunde wat aangebied word. In watter mate is elke dosent ware Christenopvoedkundige? Maar ook in nagraadse studie in die Opvoedkunde kan die vraag gestel word of elke universiteit die Christelike Opvoedkunde as grond=motief aanvaar om onderwyser en dosent toe te rus vir praktiese Christelik-nasionale opvoeding en onderwys tot voordeel van die Afrikanerkind.

---

18) Vgl. ook: Scholtz, I.P. Die ouer se plek en taak in die opvoeding en onderwys, p. 131 - 140.

## F. BEREDDERING VAN DIE POSISIE

In die praktyk sal dit nie maklik wees om aan 'n "neutrale" hoof of inspekteur opdrag te gee om toe te sien dat "neutrale" onderwysers uitvoering aan Christelik-nasionale onderwys moet gee nie. Dit skyn tog moontlik te wees om uitvoering hier=aan te gee, meteens, indien sekere instansies sekere stappe neem.

### 1. Deur die owerheid

Die T.O.D. as spits van die piramide kan die volgende oorweeg:

a. onderwyskolleges en universiteite moet toesien dat die opleiding van onderwysers in die teorie en praktyk in ooreenstemming is met die vereistes wat aan die Christenvoogonderwyser en -opvoeder in die Christelik-nasionale skool gestel word;

b. keuring van studente moet strenger wees t.o.v. hulle lewens- en wêreldbeskouing;

c. hoofdesimposiums moet gereël word waar Christelik-nasionale opvoeding en onderwys en voogonderwys die hoofonderwerp van studie, van voorligting en bespreking is;

d. vir diensdoende onderwysers en dosente moet oriënterings- en streekkursusse oor dieselfde sake gereël word;

e. alle inspekteurs moet grondig geskool wees in hierdie saak en moet toesien dat uitvoering aan Christelik-nasionale opvoeding en onderwys gegee word.

/365.

2. <u>Deur rektore van onderderwyserskolleges en universiteite en hoofde van skole</u>

As outonome inrigtings is dit in die hande van rektore van universiteite om hulle studente grondig in die Christelik-nasionale beginsels op te lei. Ook vir rektore van onder=wyserskolleges behoort dit geen onmoontlike saak te wees nie. As alle hoofde van Afrikaanse skole wat in wese hoofsaaklik ŉ Christelik-nasionale lewens- en wêreldbeskouing huldig, hulle taak en roeping eers besef nadat die owerheid sy deel gedoen het, en daarop voortbou, sal daar reeds ver gevorder het tot die verwesenliking van die Afrikaner se lewens- en wêreldbeskouing en die praktyk van Christelike onderwys.

Uit die aard van die saak sal inspekteurs by skole ook besondere aandag aan hierdie saak gee.

3. <u>Deur ouer-onderwysersliggame</u>

Neutrale opvoeding en onderwys kan beveg en Christelik-nasionale onderwys bevorder en verstewig word indien ouer-onderwysersliggame daargestel kan word wat oor die hele Republiek gekoördineer word.

Hoofde van skole kan ŉ besondere bydrae lewer deur ouer-onderwysersverenigings op ŉ Christelik-nasionale grondslag te organiseer. Omdat daar by baie ouers ŉ gebrek aan ŉ vaste positiewe lewens- en wêreldbeskouing bestaan, kan ouer-onderwysersamesprekings baie daartoe bydra om ook die ouerlike neutrale gesindheid te wysig.[19]

---

19) Vgl. p. 183- 265 hierbo.

Die georganiseerde onderwysprofessie behoort hom te beywer om leiding te gee aan ouers sodat óúers en onderwysers in ꞌn liggaam saamgesnoer kan word ter bevordering van Christelik-nasionale onderwys. Dit het tyd geword dat die regsinnige Afrikanerouer sy eise stel dat uitvoering aan Christelik-nasionale onderwys gegee word van pre-primêre tot by tersiêre vlak. Hy het daarvoor gevra en hy moet dit kry. Maar dit is net so noodsaaklik dat hierdie ouer nie van die kantlyn af toeskouer moet wees nie, maar ook sy afgedwaalde broeder aan die hand moet neem en die pad vorentoe aandui.

ꞌn Tydskrif kan uitgegee word waar ouer, onderwyser, opvoedkundige en owerheid menings wissel, probleme bespreek, oplossings aan die hand doen en die een die ander versterk.

Op die oomblik bestaan daar ꞌn meningsblad Fokus[20] waarop ouers, onderwysers, opvoedkundiges en belangstellendes kan inteken en menings wissel. Die blad het o.a. tot doel die bevordering van die Christelike opvoeding, onderwys en Opvoedkunde. Indien so ꞌn tydskrif of ꞌn derglike tydskrif deur die voorgestelde ouer-onderwysersliggaam tot die beskikking van alle ouers gestel kan word, kan ver met volksopvoeding gevorder word. Wenke vir leek en deskundige oor opvoeding, onderwys, orde en dissipline, sosiale en volksprobleme, ens. asook onderwerpe vir bespreking by individuele skole kan hierin verskyn.

---

20) Uitgegee deur COVSA, Potchefstroom.

## VI. DAMES IN DIE ONDERWYS

Die verhouding van mans tot dames in die laerskool in Transvaal was in 1920 43,3% teenoor 56,7% en in 1972 23,7% teen=oor 76,3%. In die hoërskool was die verhouding mans teenoor dames in 1972 47,1% teenoor 52,9%. In 1970 was daar in die Republiek 24 700 of 63% dames uit ŉ totaal van 39 187 Blanke onderwysers. Van hierdie onderwyseresse was 13 838 d.w.s. 56% getroude dames.[21)]

Dit is duidelik dat skole en veral die laerskool al meer deur dames beman word.

Vir hulle is dit ŉ gesogte beroep aangesien hulle na hulle troue daarna kan terugkeer. Baie dames sien dit egter as ŉ tydelike verdienste eerder as ŉ loopbaan en roeping.[22)] In die hedendaagse lewe is dit byna onmoontlik vir die getroude onderwyseres om aan twéé veeleisende take, nl. dié van vrou en moeder in die huisgesin en dié van onderwyseres reg te laat geskied. Òf die huis òf die skool ly skade. Haar verantwoordelikheid m.b.t. die huislike pligte is sodanig dat sy in die eerste plek huisvrou is en dan onderwyseres. Vertoon sy werklik ŉ professionele beeld?[23)] Hoewel ook Kotzee die mening uitspreek dat hy dit merkwaardig vind dat getroude onderwyseresse ten spyte van hulle dubbele rolverdeling hulle meesterlik van hulle taak in skole kwyt,

---

21) Kotzee, A.L. Die onderwyser se plek en rol in die onderwys. Onderwysblad, 81 (844): 10, Julie 1973.
22) Van der Berg, op. cit., p. 322.
23) Leonard, J. "Nee: dames se diensvoorwaardes is reeds gunstiger". Onderwysblad, 81 (844): 17, Julie 1973. Vgl. ook: Redaksioneel. Onderwyseresse waarheen? Mondstuk, 1(2): 2, Augustus 1972.

/368.

sê hy ook hulle "kan" toegewyde en onvermoeide opvoeders wees.[24] "U kan van u beroep 'n professie maak en deur u toewyding daaraan status verleen".[25] Maar ook die Belangegroep Onderwyseresse van die Transvaalse Onderwys= vereniging is bekommerd oor die tendens dat die laerskool= personeel al meer vervroulik. Dit gaan vir hulle egter oor die opleiding van die onderwyseres sodat sy "spesifiek vir die taak toegerus word om in sommige gevalle as geestelike plaasvervanger vir die ontbrekende mansonderwyser op te (kan) tree."[26]

Die groot getal dames in die laerskool skep probleme. In baie gevalle kan seuns hulle nie met die afwesige of vermiste vader by die huis identifiseer nie en by die skool is daar die verdere gemis van die manlike figuur. Hoe die onderwyseres deur haar opleiding die man se plek in die seun se lewe gaan volstaan, is moeilik om te begryp. Maar die dogter in die laerskool het ook die man in mindere mate as identifiserings= persoon nodig.

Waarskynlik sal die meeste getroude onderwyseresse hulle huise en gesinne eerste stel tot nadeel van die skool. Die meeste onderwyseresse in die laerskool beskik oor slegs 2- en 3-jaar opleiding en dit is slegs gedurende die afgelope paar jaar dat hulle ook 4-jarige professionele opleiding geniet. Hoe goed is onderwyseresse vir hulle opvoedingstaak

---

24) Kotzee, op. cit., p. 11.

25) Kotzee, A.L. Onderwyseresse se bydrae. Mondstuk, 1(11): 1, Mei 1973.

26) Vgl. Sakelys 1974, 74ste Algemene Vergadering van die Transvaalse Onderwysvereniging, p. 21.

vandag toegerus?[27] Tot hoe n mate, gesien teen die dubbele rolverdeling van die getroude onderwyseres, wend hulle hul tot die lees van opvoedkundige artikels en tot die herlees van opvoedkundige doelstellings in sillabusse? Hoeveel dames is met verdere studie besig[28] en is ver= troud met lands- en wêreldvraagstukke? Kan haar dubbele rolverdeling haar in staat stel om volkome aan haar roeping as onderwyseres uitvoering te gee?

T.o.v. voogonderwys kan die vraag gestel word of sy saans huisbesoek kan doen en of sy saans by die skool met ouers onderhoude kan voer. Is dit nie moontlik n verdere rede waarom voogonderwys nie tot sy reg kom nie? Kan elke getroude onderwyseres werklik álles vir die opvoeding en onderwys gee? Uit die voorgaande vloei voort die tekort aan mans, die kwalifikasies van onderwysers en hulle verdere opleiding.

## VII. DIE TEKORT AAN MANS IN DIE ONDERWYS

### A. INLEIDING

Soos in die vorige paragraaf aangedui is, kan die toename van dames in die onderwys daartoe lei dat veral die hoërskoolseun

27) Vgl. Van Loggerenberg en Jooste, voetnoot 8, p. 354 hierbo.
28) Mentz sê dat laerskoolonderwysers wat verder studeer in die minderheid is, waarskynlik omdat laerskoolpersoneel hoof= saaklik uit onderwyseresse bestaan. Vgl. Mentz, N.J. Die doeltreffende benutting van die beskikbare tyd vir onderwys, Deel 1. Onderwys-bulletin, XIII (3): 197, September 1968.

/370.

verwyf raak. Hoewel die onderwyseres 'n belangrike en onmisbare funksie vervul, kan sy nie al daardie dinge bied wat nodig is vir die normale ontwikkeling van die skoolseun nie. In die onderwys is die man en die vrou ewe belangrik, dog die vrou kan nie die man vervang nie. Sy moet in baie gevalle selfs staat maak op haar manlike kollega vir die handhawing van orde en dissipline, veral ook op die sportterrein.

Na aanleiding van die Komitee van ondersoek na die Onderwyspersoneelposisie in Transvaal se samevatting van die aanbevelings en die tekort aan mans pleit die Redaksie van Mondstuk dat iets vinnig en drasties gedoen moet word om beter en meer kandidate veral mans, na die onderwys te lok. "Daar kan egter met reg gevra word watter planmatigheid daar is om hierdie probleem wat al baard het, op te los ... of word daar gelate aanvaar dat daar niks aan die situasie gedoen kan word nie?"[29)]

Verskillende oorsake vir die tekort aan mans kan aangevoer word.

## B. OORSAKE VIR DIE TEKORT

### 1. Die gemeenskap

Ouers koester sekere verwagtings van hulle kind en stel sekere ideale. As die ouers nie waardering vir die onderwysprofessie het nie, sal hulle nie maklik hulle kind aanmoedig om

---

29) Redaksioneel. Meer mans vir die onderwys. Mondstuk, 2(3):2, September 1973.

hierdie beroep te kies nie.[30] Daar is ook baie ouers wat toelaat dat hulle kinders die skool verlaat om te gaan werk en wat waarskynlik min dunk van die geleerde beroepe het.[31]

## 2. Die beeld van die onderwyser en sy beroep

Van der Walt sê dat onderwysers self die grootste ontmoedigers en die geringste aanmoedigers is van kinders om onderwysers te word.[32] Ook Van Zyl is van mening dat seuns min be= sieling van onderwysers ontvang, dat hulle aanvoel die onderwysprofessie is maar een van sukkel, van teleurstelling en kla.[33]

Die beeld van die onderwyser en onderwys is waarskynlik die belangrikste oorsaak waarom mans nie aangetrokke tot die onderwysberoep voel nie. ŉ Groot groep onderwysers is ontevrede - wat nie ŉ sonderlinge verskynsel onder ánder beroepe is nie - en hulle is dus nie positiewe werwers vir hulle beroep nie.

In hulle daaglikse optrede is hulle ook nie ŉ beeld van wat die jongmense graag eendag wil wees nie. Toon baie onderwysers nie dalk ŉ beeld van prikkelbaarheid, bombasme, grootdoenerigheid, gebrek aan werklike begrip van die kind en sy probleme, van dikwels ongenaakbare slawedrywers nie?

---

30) Van Zyl, P. Belangegroep trek saam. Mondstuk, 2(3): 5, September 1973.

31) Vgl. Konferensies i.v.m. beroepsvoorligting aan ouers en kinders p. 256-257 hierbo.

32) Vgl. Van der Walt, C.P. Die onderwyser as werwer van onderwysrekrute. Onderwysblad, LXXIX (838): 11 - 16, 1972 soos aangehaal deur Van der Berg, op. cit., p. 285.

33) Van Zyl, op. cit., p. 5.

Voel hulle nie dat sommige onderwysers "oneg" is nie, deur een ding te predik en self anders te doen nie? Die onderwyser wil bv. die kind maak en breek as hy nie sy werk gedoen het nie, terwyl sy eie werk veel te wense oorlaat, of die onderwyser wil hê die kind moet studeer en aanhou studeer, terwyl hy self min moeite doen om hom verder te bekwaam. Sien en ervaar kinders nie dat onderwysers baie take en bedrywighede sonder werklike besieling uitvoer nie, dat opvoeding en onderwys deur die onderwyser se voorbeeld nie by seuns werklik ŉ uitdaging, idealisme en roepingsbewustheid wek nie, ens? Niemand kan immers iets gee wat hyself nie het nie.

Dit is nodig dat onderwysers selfondersoek moet doen. ŉ Professie adverteer homself deur sy lede. Om te sê dat ŉ tekort aan mans in die onderwys ŉ wêreldverskynsel is, kan nie sonder meer aanvaar word nie. In ander dele van die wêreld word moontlik ook nie voldoende aandag aan selfondersoek gegee nie.

3. Die aard van onderwysersopleiding

Die feit dat E.M.S.-kursusstudente onderwysers kan word en laer- en hoërskoolonderwysers afsonderlik opgelei word, kan die ongelukkige indruk skep dat dit maar "dom" mans is wat onderwysers word en dat die wat nie te "dom" is nie, by hoërskole onderwys gee. Die "goeie" jongman wat so nodig is in die opvoeding en onderwys sal waarskynlik nie na so ŉ werkkring getrek word nie.

By baie lede van die gemeenskap heers ook groot onkunde, bv. sodra 'n laerskoolonderwyser met graadstudie besig is, word gevra of hy nou vir 'n hoërskoolonderwyser "leer".

Kollege-opleiding as sodanig help nie om hierdie beeld van die onderwyser te verbeter nie.

Pauw is van mening dat onderwysersopleiding basies weten= skaplik van aard moet wees en dat daar 'n praktiese besoldigde proefjaar in die onderwys moet wees. Hy staan 'n vierjarige graadkursus voor met drie driejaar-hoofvakke waarvan een opvoedkunde moet wees.[34] Die praktiese opleiding kan die beste in die skool self behartig word onder leiding van die onderwysdepartement. Die voorgaande behoort na sy mening 'n groter trek- en houkrag vir die onderwys as loopbaan mee te bring.[35] Indien alle opleiding van onderwysers op universiteite geskied of dan in noue samewerking met universiteite, kan die beeld van onderwysersopleiding verbeter word. Die T.O.D. as werkgewer moet dan die praktiese opleiding behartig. Dit verg egter goed opgeleide, besielde en entoesiastiese hoofde en personele wat dan ook uitvoering sal gee aan die beginsels en praktiese uitlewing van Christelik-nasionale opvoeding en onderwys.

4. <u>Ouderdomsgaping en gebrek aan kommunikasie</u>

Dit is moontlik dat die gemiddelde onderwyser te ver van die jeug se lewensbeskouing en lewensverwagtinge staan en dat

34) Vgl. die V.S.A. waar 'n B.-graad geneem word met daarna 2-3 jaar verdere professionele vorming in opvoedkunde, p. 376 hieronder.

35) Pauw, S. Ons het nie die mense nie. Die Transvaler, p. 7, 17 Oktober 1973. Vgl. ook: Bingle, H.J.J. Wet in gedrang: onderwysers se opleiding bevraagteken. Die Transvaler, p. 8, 16 Oktober 1973.

daar te veel geteoretiseer word hoe die volwassenes oor sake voel. Indien voog-(voorligting-) onderwys tot sy reg kom, kan groter kommunikasie tussen voogonderwyser en kind plaasvind. Dit is moontlik dat, wanneer daar met 'n intelligente en positiewe groep jongmans - dit is húlle wat in die onderwys nodig is - openhartig gesels word, daar dieper in die probleem van die tekort aan mans in die onderwysberoep gedelf kan word en 'n oplossing moontlik eerder gevind sal word.

5. Jeugbeskouing van opvoeding en onderwys

Daar is onderwysers in stedelike hoërskole wat deur leerlinge geterroriseer word. Jong mans sidder moontlik by die gedagte hoe kinders oor 10 jaar verder in skole gaan optree, want hierdie terrorisering kan hulle ook te beurt val. Hulle word hierdeur afgeskrik en kies liewer 'n ander loopbaan.

6. Die finansiële aspek

Daar is vandag meer mededingende en moontlik interessanter betrekkings buite die onderwysberoep as 'n klompie jare gelede. Die man wat vier jaar studie onderneem het, kan moeilik met sy eweknie wat in 'n hoër inkomstegroep val, meeding. Talle mans met beter verstandelike vermoëns stel meer belang in die aantrekliker beroepe. Waar die bevolking al meer verstedelik, vind die jong onderwyser dit uiters moeilik om gevestig te raak vanweë die hoë behuisingskoste selfs in 'n gemiddelde woonbuurt.

/375.

7. Slotsom

Dit is wenslik om vanuit die jongman se siening te probeer peil waarom hy nie tot die onderwysberoep aangetrokke voel nie. Wetenskaplike vraelyste behoort saamgestel te word vir voltooiing deur st. 9- en 10-seuns en studente aan universiteite. Uit die antwoorde kan vasgestel word wat húlle, die eintlike belanghebbendes by die saak, dink en kan moontlike knelpunte deur die owerheid uit die weg geruim word.[36)]

Talle gedrags- en leerprobleme van kinders kan teruggevoer word na die vermiste vaderfiguur in die huis. Die moeder is veelal die gesagsfiguur. In die laerskool met sy oorwegend vroulike voogde is daar wéér die gemis van die manlike voog. Ook hier is die vrou oorheersend die gesagsdraer. Kan voogonderwys werklik tot sy reg kom wanneer groter seuns hulle nie met 'n man kan identifiseer nie? Ter wille van die suksesvolle ontwikkeling van die hele kind en van elke kind in die laerskool skyn dit noodsaaklik te wees dat die verhouding mans tot dames ten minste in die senior primêre en junior sekondêre afdeling reggestel moet word.

## VIII. ONDERWYSERS EN HULLE KWALIFIKASIES

### A. ONDERWYSERS SE KWALIFIKASIES IN DIE V.S.A.

Vaizey sê dat meer as 75% van die Amerikaanse onderwysers gegradueerdes is. Wat ook al van die gehalte van die

36) Vgl. Scholtz, I.P. e.a. Verslag oor die onderwerp: Hoe om meer mans na die onderwys te lok, vir die F.R.S., p. 3 - 5, 16 November 1973.

Amerikaanse grade gedink word in vergelyking met Europese grade, is daar min twyfel dat die tipiese Amerikaanse graad meer gevorderd is as die sertifikaat wat die meeste tipiese Europese onderwysers besit.[37] Voorgenome onderwysers neem in Amerika ꞌn B.-graad en daarna 2 - 3 jaar verdere professionele vorming in opvoedkunde. As hulle in hulle eksamen slaag en ꞌn proeftydperk suksesvol voltooi het, word hulle aanvaar deur die "State Board" as ꞌn onderwyser in daardie staat. Die proses van professionele vorming is presies parallel met ander professies soos geneeshere, prokureurs, ens.[38]

Onderwysers se kwalifikasies in Transvaal vergelyk swak met dié in Amerika.[39]

## B. KWALIFIKASIES EN STATUS VAN DIE ONDERWYSER IN TRANSVAAL

Die sogenaamde status van ꞌn professie hang nie net nou saam met die opleiding en kwalifikasies van sy lede nie, maar ook die lid se houding, gesindheid en karakter en individu=ele voortreflikhede beïnvloed sy status binne die beroep. As die status van die hele "professie" eers in ꞌn swak lig gestel is, voer die roepingsbewuste onderwyser ꞌn

37) Vaizey, John. Education in the modern world, p.134.

38) Ibid., p. 138.

39) 70% van al die onderwysers in Transvaal het drie jaar en minder opleiding gehad.

/377.

tevergeefse stryd om sy eie status en aansien omdat hy as individu met sy professie geïdentifiseer word. Al die lede deel in die hoë of lae aansien wat hulle professie geniet.[40] As Christelike onderwyser aan 'n Christelike skool is die onderwyser as volks- en nasiebouer, as grensbewaker van die volk se dierbaarste besit, geregtig op die hoogste agting, erkenning en waardering van die hele samelewing.[41]

Om hierdie agting, erkenning en waardering van die same= lewing waardig te wees moet elke onderwyser student bly en sy kwalifikasies verbeter. Daarom is dit verblydend dat die T.O.D. groter aanmoediging d.m.v. salarisaan= passings aan onderwysers wat hulle kwalifikasies verbeter, verleen. Dit kan gesien word as 'n eerlike poging om diensdoende onderwysers tot verdere studie aan te moedig en ook om t.o.v. kwalifikasies dan 'n professie waardiger te wees.

## C. DIENSDOENDE ONDERWYSERS EN HULLE KWALIFIKASIES

Sedert 1968 kan onderwysers hulle kwalifikasies in vakke soos Wiskunde, Fisika, Chemie, Afrikaans, Engels, ens.

---

40) Van der Berg, op. cit., p. 262.
41) Ibid., p. 335 - 336.

d.m.v. korrespondensiekursusse verbeter.[42)]

Die Komitee van Ondersoek na Personeelbehoeftes beveel o.a. aan dat "die verdere opleiding van diensdoende onderwysers deur die Departement, veral t.o.v. die skaarsvakke, verskerp moet word en dat alle diensdoende onderwysers in siklusse van vyf jaar bewys moet lewer dat hulle voorgeskrewe of erkende kursusse met sukses voltooi het, en reoriënteringskursusse vir onderwysers met diensonderbreking van 5 jaar of langer, so gou doenlik ná hertoetrede, verpligtend gemaak word."[43)]

Die geleenthede vir die verbetering van kwalifikasies wat deur die Departement geskep word, geld ongelukkig net vir die skaarsvakke. Vir die grootste meerderheid onderwysers en onderwyseresse in die laerskool kan dit sekonderings en aanstellings by hoërskole beteken, sonder noemenswaardige vooruitsigte vir bevordering. Hierdie kursusse is skynbaar ook suiwer vakgerig. Het dit nie tyd geword dat diensdoende onderwysers in die geleentheid gestel kan word om kursusse te volg in Christelik-nasionale opvoeding en Opvoedkunde nie? Sal dit nie 'n onderwerp wees waarin die meeste van die 70% onderwysers graag sal belangstel nie?

Uit hierdie ondersoek het geblyk dat 93,4% van die Afrikaanse hoofde van laerskole ten gunste is van die opleiding van diensdoende onderwysers wat hulle in sekere aspekte van die Opvoedkunde sou bekwaam en wat 'n

---

42) Mentz, N.J., op cit., p. 201. Vgl. ook: T.O.D. Onderwyskollege vir verdere opleiding. Wat dit is en wat dit beoog, s.j.

43) Vgl. <u>Mondstuk</u>, 2(3): 7, September 1973.

/379.

kategorieverhoging kan meebring, terwyl 4,7% van die hoofde onseker en 1,8% daarteen was.[44] Volgens hierdie hoofde is daar sonder twyfel ŉ behoefte aan opleiding in Opvoedkunde. Hulle ken immers hulle personele én die behoeftes vir die opvoeding en onderwys.

## D. VERTOë VIR DIE INSTELLING VAN 'N "DIPLOMA IN OPVOEDKUNDE"

Op 9 Mei 1972 is ŉ beskrywingspunt deur ŉ T.O.-tak vir bespreking op die T.O.-kongres van 1972 deur die lede van die tak aanvaar en ingestuur. ŉ "Diploma in Opvoedkunde" is vir diensdoende onderwysers voorgestel, wat ŉ kategorieverhoging sou meebring. T.o.v. 1969 se 16 228 onderwysers met hulle kategorieë en hoe die posisie met een kategorieverhoging ná verkryging van ŉ "Diploma in Opvoedkunde" daar sal uitsien, is soos volg aangedui:

TABEL

| | Getal onderwysers vóór verkryging van ŉ Diploma in Opvoedkunde | Bestaande kategorie | Getal onderwysers ná verkryging van ŉ Diploma in Opvoedkunde | Nuwe katagorie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 203 | A | 0 | A |
| 2 | 2 756 | B | 203 | B |
| 3 | 8 465 | C | 2 756 | C |
| 4 | 3 730 | D | 8 465 | D |
| 5 | 918 | E | 3 730 | E |
| 6 | 127 | F | | |

44) Vgl. p. 300-301 hierbo.

/380.

Indien al die onderwysers so ŉ kursus sou volg, sal dit beteken dat slegs 2 959 of 18,2% van 1969 se onderwysers oor drie jaar en minder opleiding sou beskik teenoor die 70,4% van 1969.

In die beskrywingspunt is ook vir oriënteringskursusse in Christelik-nasionale opvoeding en onderwys gevra.

Die beskrywingspunt het ŉ lang pad geloop en is o.a. na die Onderwysburo verwys. Op 18 Januarie 1974 is d.m.v. die T.O. ŉ skrywe gerig waarin die Onderwysburo o.a. skryf dat "die Minister van Nasionale Opvoeding m.b.t. die benaming van sertifikate nie voorsiening vir so ŉ gespesialiseerde opleiding maak nie, en die moontlikheid van die instelling van ŉ 'Diploma in Opvoedkunde' nie op hierdie stadium oorweeg kan word nie".

In ŉ terugskrywe aan die T.O. op 23 Januarie 1974 is aan die hand gedoen dat oorweging geskenk kan word om Opvoed= kunde op dieselfde wyse aan te bied soos huidig met Chemie, Wiskunde, ens. sónder gebruikmaking van ŉ spesiale benaming vir die diploma.[45)]

Daar moet gedink word aan die noodsaak vandag aan geestes= weerbaarheid en vir die toerusting daarvoor. Die onder= wyser as verdediger van die geestesgoedere in ŉ ontwrigte wêreld kan die kind en sy ouer help indien hy d.m.v. ŉ Christelik-nasionale Opvoedkunde vir sy taak toegerus word.

---

45) Vgl. Beskrywingspunt vir T.O. Kongres van 9 Mei 1972 en brief van T.O., verwysingsnommer PS JLL/VH van 18 Januarie 1974 en antwoord daarop van 23 Januarie 1974.

## IX. OPSOMMING EN SLOT

Uit die ondersoeke van Du Plessis en Potgieter het dit geblyk dat daar ver te kort geskiet word aan die uit=voering van Christelik-nasionale onderwys. Ook uit hierdie ondersoek blyk dit dat plaasvervangende ouer=skap wat in werklikheid deur wetenskaplike voogonderwys vervang is, nie op 'n gesonde grondslag in die Afrikaanse laerskool uitgevoer word nie. Om voog van 'n kind gedurende skoolure te wees beteken om medeverantwoordelik voor God te wees vir die opvoeding en onderwys van elke kind.

In hierdie hoofstuk is aangedui dat daar tekortkominge skyn te wees in onderwysersopleiding, in die evaluering van studente en onderwysers en met die inspeksiestelsel t.o.v. Christelik-nasionale opvoeding en onderwys. Alles dui daarop dat nie volkome uitvoering aan Wet 39 van 1967 en aan voogonderwys gegee word nie.

Die georganiseerde professie behóórt uitvoering hieraan te gee, maar juis by gebrek aan opleiding, voorligting en behoorlike motivering kan Christelik-nasionale onderwys nie tot sy reg kom nie. Daar skyn ook by die owerheid 'n huiwering te wees om die beleid uit te voer, wat moontlik aan 'n verwagte ongunstige reaksie van 'n hetorogene Blanke bevolking te wyte kan wees. Dit skyn egter onbillik te wees dat daar nie aan veral die Afrikanerouer se versoek

/382.

van Christelik-nasionale onderwys oral in die praktyk uitvoering gegee word nie. Die owerheid kan die saak beredder soos hierbo aangedui.[46] Daarby behoort elke diensdoende onderwyser die geleentheid gegun te word om hom in die Christelike Opvoedkunde d.m.v. korrespondensie=kursusse of andersins te bekwaam. Ernstige oorweging behoort ook daaraan geskenk te word dat gegradueerde onderwysers wat nie grade in Opvoedkunde het nie, ook op ʼn wyse hierdie kursus in Opvoedkunde kan volg. Dit kan lei tot ʼn verbreding en verdieping van hulle opvoedkundige insig en tot verbetering van hulle kwalifikasies.

Wat ʼn wonderlike dag sal dit wees indien elke Christen=voogonderwyser in die Christelik-nasionale skool voor ʼn klas kan staan en die volgende kan besef: "U gaan vrees in kinderoë sien, en die verwagting, die vreugde en die verstomming ... U gaan in ʼn kind se oë die vermoë sien blink en die onvermoë sien brand. Maar u gaan bo alles in ʼn kind se oë u eie geluk en u eie mislukking sien!" [47]

---

46) Vgl. p. 364-365 hierbo.

47) Van Wijk, Theo. Onderwys en onderwyser. Onderwysblad, 81(847):15, April 1974.